


# CAPE LIBRARIAN KAAPSE BIBLIOTEKARIS



January 1984 Januarie

# INHOUD CONTENTS


Zirkëa Ellis	SKRYWERS VAN TAGTIG	3
Carla Molier and Barbara Steele	NUWE BIBLIOTEKE: OPENBARE BIBLIOTEEK PAROW	12
André Steenkamp	BOEKEVOORRAAD	16
Lesley Whitwell	A POTTED HISTORY OF POP	17
Mary Kleinschmidt	FROM THE DRAWING BOARD: . . .SOMETHING COMPLETELY DIFFERENT	19
	BOOK REVIEWS BOEKBESPREKINGS	23
	HERE AND THERE HIER EN DAAR	27
	BOOK ACCESSIONS BOEK-AANWINSTE	31
	RECORD ACCESSIONS PLATE-AANWINSTE	37
EDITOR : MARY KLEINSCHMIDT ASSISTANT : PENDY JOERNING TYPIST : ANITA MARX ARTIST : DIANNE COWLEY		

The journal of the Cape Provincial Library Service published monthly except in July and December. Contributions and enquiries to be addressed to The Editor, Cape Librarian, Cape Provincial Library Service, P.O. Box 2108, Cape Town, 8000. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Cape Provincial Library Service.




Die tydskrif van die Kaapse Provinsiale Biblioteek verskyn elke maand behalwe Julie en Desember. Bydraes en navrae moet gerig word aan Die Redakteur, Kaapse Bibliotekaris, Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Posbus 2108, Kaapstad, 8000. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens nie.


# SKRYWERS VAN TAGTIG



Johann  
de Lange



M.C. Botha



André Letoit

Photographs by Amanda Botha  
Tafelberg



ZIRKËA ELLIS

**A**n die begin van elke dekade is daar by diegene wat hulle om watter rede ook al met die Afrikaanse letterkunde bemoei, gewoonlik 'n gees van afwagting te bespeur. Nuwe skrywers en digters skud hulle vere reg om 'n aanslag op die literêre wêreld te maak; debuterendes, wie se werk in die vorige dekade 'n lou ontvangs gehad het, skryf met hernieude ywer voort of het reeds besluit om die hand lief te aan iets anders te waag; kritici en literatoure sit oorgehaal om hulle uit te spreek oor nuwe publikasies en die gewone leser of student van die letterkunde hoop weer dié nuwe dekade sal 'n ryker oes van opwindende leesstof oplewer as die pas afgelope een.

Daar kan nie na die werk van Tagtiger-skrywers gekyk word sonder om kennis te neem van die hoogtepunte wat vroeëre dekades opgelewer het nie. Die eerste noemenswaardige oplewing in die Afrikaanse letterkunde het gekom met N.P. van Wyk Louw en sy mede-digters van Dertig wat gesorg het vir 'n dekade van grootse poësie. Die dekade van Sestig sal weer onthou word as die era van die nuwe eksperimentele prosa, waarin die klem sterk geval het op die intellektuele en die simboliese, wat 'n vervreemding tussen die skrywer en die volk, oor wie en vir wie hy geskryf het, tot gevolg gehad het. Die sewentigerjare het 'n ongekende produksie van poësie opgelewer, waarvan bitter min van so 'n aard was dat dit uitgesonder kon word. Die gevestigde skrywers bly nog steeds onverstoord voortskryf en dis nog te vroeg om nou al 'n bestekopname te maak van wat Tagtig sal oplewer. Daar het egter reeds in die afgelope drie jaar heelwat belowende werke die lig gesien. Die doel van hierdie artikel is nie om 'n kritiese oorsig van die stand van sake op literêre front te probeer gee nie, maar bloot om te dien as 'n bekendstelling van die werk van hedendaagse skrywers - bekend, sowel as onbekend.

Geen skrywer skryf in 'n vakuum nie en

alle skrywers word in mindere of meerdere mate beïnvloed deur gebeure en omstandighede rondom hulle. Sosio-politieke gebeure in die twee vorige dekades het gelei tot 'n radikale vervreemding en verbittering tussen skrywers en owerheid. Prominente skrywers het hulle heftig uitgespreek teen sensuur, die beperkinge wat op 'n vrye meningsuiting geplaas word en die onbuigbaarheid van die politieke bestel. Aan die begin van die tagtigerjare bevind die Suid-Afrikaanse skrywer hom in 'n snel-veranderende politieke klimaat, is hy versigtig optimisties dat daar ook 'n verandering in die sensuurbedeling aan die kom is en slaag voorste romanskrywers soos Brink, Joubert, Leroux en Karel Schoeman vir die eerste keer daarin om internasionale erkenning vir hulle werk te verwerf. Daar is dus nie meer die behoefte by skrywers om as 'n groep hulle ten doel te stel om in opstand te kom teen dit wat vir hulle in die Suid-Afrikaanse bestel onaanvaarbaar is nie, aangesien alles wat daarvoor gesê kan word reeds in die Sestig en Sewentigs gesê is. André Letoit, een van die nuwe geslag skrywers, meen die Afrikaanse skrywerswêreld beleef tans 'n gistingproses en gaan in die loop van hierdie dekade nog baie meer skrywers oplewer wat uit verskillende en tot dusver ongehoorde uithoeke van die Suid-Afrikaanse milieu, gaan skryf. Hy sê verder: "Daar gaan mense wees wat gaan skrik oor wat die toekoms gaan bring. Want ... die tyd wat ons vroeër geken het, die rustige tyd van W.E.G. Louw's en A.D. Keets en Sagmoedige Neelsies ... sal nooit weer kan terugkeer nie. Ten spyte van al die nare dinge om ons, kan hierdie dekade dalk nog die opwindendste en mees vernuwendste een ooit in Afrikaans word."

Op hierdie noot wil ek 'n aantal boeke wat reeds hierdie dekade verskyn het, kortliks bekendstel.

Vir die gewone leser, wat in meer as net

blitsverkopers en klubromans belang stel, sal die jongste verwickelinge op die gebied van die prosa van meer belang wees as die baie digbundels of die enkele dramas waarmee die dekade ingelui is. Juis hierom, word die prosa eers in oënskyn geneem.

Vroeër is reeds melding gemaak van gevestigde skrywers wat in vorige dekades hulle stempel op die Afrikaanse letterkunde afgedruk het. So n skrywer is die alombemide en wydgelese Hennie Aucamp, van wie daar in 1981 n nuwe kortverhaalbundel met die naam Volmink, verskyn. Die bundel bevestig weer eens Aucamp se reputasie as kortverhaalskrywer by uitnemendheid. Party van die prosas het n essayistiese inslag, maar al die stukke het sterk, boeiende temas wat nie op n obskure wyse nie, maar tog subtiel, ontgin word en vir die gewone leser toeganklik en baie leesbaar behoort te wees.

Uit die pen van die immer-bedrywige André Brink verskyn daar twee bundels in 1981 en 1982. n Emmertjie Wyn bevat stories wat almal voorheen in sy rubriek in Wynboer verskyn het en is almal skreeusnaaks. Hy skryf in prout, boerse Afrikaans en wyn speel die een of ander rol in elke storie. Die fees van die malle sluit stukke oor Oom Kootjie Emmer, rubrieke uit koerante en tydskrifte en ander tipiese Brink-stukke in: boers, aards en baie snaaks.

Die publikasie van Brink se roman Houd-den-bek is voorafgegaan deur heelwat publisiteit, veral aangesien die Engelse weergawe A chain of voices sy Afrikaanse eweknie voorafgegaan het. Hierdie ambisieuse werk is gegrond op geskiedkundige gegewe, die weinig bekende Bokkeveldse opstand van 1825. n Slaaf genaamd Galant het die gerug gehoor dat die slave op n sekere datum vrygestel gaan word. Toe dit nie gebeur nie, het hy in opstand gekom teen sy baas Nicolaas van der Merwe - vroeër die speelmaat saam met wie hy grootgeword het. Die roman begin en eindig met twee historiese dokumente, die klagstaat en die uitspraak. Tussen die twee dokumente ontvou die verhaal by monde van n "ketting van stemme". Dr. J.C. Kannemeyer beskou dit, behalve vir n Oomblik in die wind, as een van Brink se belangrikste romans.

Ses jaar na sy omstrede, verbanne Magerfontein, o Magersfontein, wat later vrygestel is, verskyn Etienne Leroux se elfde roman Onse Hymie. Alhoewel kritici en literatore verdeel is oor hierdie roman, sal dit vir baie lesers wat sy vorige tien, sterk intellektuele werke moeilik baasgeraak het, baie meer toeganklik en leesbaar wees. Onse Hymie, n smous in plastiekware en ander kitsch-artikels soos silwer en goue dennebolle, is aan't

smous deur die Karoo. Die leser se kennismaking met hierdie Jan Alleman is in die Ladies' Bar van n klein plattelandse hotel waar hy ten spyte van apartheidsregulasies die nag saam met Johannes Garries, bruin plaashulp van n Brahmaanstoefteler, deurbreng. Die volgende dag sit hulle die reis deur die Karoo saam voort en beland weldra by n Sun City-agtige gesondheidspa, die Vleispaleis, waar hulle besluit om oor te bly. As gevolg van n rekenaarfout beland hulle weer in kamer 27. Die rekenaar stuur ook n hele boel ander gaste na kamer 27 en weldra is daar van die Hell's Angels tot by die Kappiekommando, ministers en ander volksfigure en karikature by hulle in kamer 27. Die gevolglike chaos word genadiglik beëindig deur n aardbewing. Die boek eindig op n onverwagte en bisarre wyse, wat die meeste lesers verslae sal laat.

Nog een van die belangrikste werke wat die afgelope paar jaar verskyn het, is Anna M. Louw se boeiende roman Op die rug van die tier. Dit gaan oor n gewone vaal mannetjie, Wynand Vercuyl, se soektoeg na die betekenis van die lewe. As hy in sy laat middeljare ontslaan word deur die uitgewer by wie hy werk, besluit hy om sy lewensverhaal neer te skryf. Sonder onnodige emosie vertel hy sy verhaal. Hy skryf oor sy mislukte huwelik, oor die optrede van sy psigopatiese seun en gee die leser n intieme blik op die dinge in sy lewe wat vir hom belangrik is. In wese is dit egter die verhaal van n doodgewone man se worsteling met God, sy aangetrokkeneit tot die Oosterse godsdiens en sy gevolglike aanvaarding van lyding en beproewing. J.P. Smuts beskryf hierdie roman as "formidabel" in n resensie in die Burger van 26/11/81.

Nie baie lank nadat Die swerfjare van Poppie Nongena lesers dwarsoor die wêreld aangegryp het nie, verskyn n bundel kortverhale met die titel Melk uit die pen van Elsa Joubert. Die verhale beeld almal situasies en verhoudinge in Afrika, veral tussen swart en wit, uit. In die titelverhaal gaan dit om die vrees en stille desperaatheid van n Portugese vrou, wat nie weet of die kind wat sy verwag dié van haar man is of die van die swart man wat haar verkrag het nie. Die sendeling se dood gaan oor n baie bekende situasie in Suid-Afrika: die Afrikaner se weiering om anderskleuriges in die blanke kerk toe te laat. In die verhaal is daar egter n ironiese nadraai. Agterplaas beeld die verhouding tussen n wit vrou en haar bediende en die se familie en vriende, uit. n Ontroerende en telkens onthutsende bundel verhale. Elsa Joubert se nuwe roman Die laaste Sondag word binnekort verwag.

Twee jaar na die verskyning van P.G. du Plessis se Koöperasie-stories op Donderdag, word dit n TV-reeks wat menige kyker groot plesier verskaf. Na dese het dit geen bekendstelling nodig nie, maar omdat die televisie en die geskrewe woord twee baie uiteenlopende mediums is, behoort diegene wat slegs met die televisie-weergawe vertrou is, die bundel stories in P.G. se kenmerkende styl, net so baie te geniet.

Abraham de Vries skryf al vir die afgelope 25 jaar en sy jongste bundel prosatekste Die uur van die idiote maak sy verskyning aan die begin van hierdie dekade. Verskeie resensente wys daarop dat De Vries met hierdie verhale heeltemal weggebreek het van sy vroeëre werke en soos in sy vorige bundel Bliksoldate bloei nie weer blyke toon van sy vermoë om n verhaal gelyktydig op meer as een vlak te ontwikkel en te vertel. Sekere temas, soos dié van seksuele steriliteit, impotensie, homoseksualiteit en emosionele afgesonderheid, herhaal hulleself weer en weer in hierdie onthutsende versameling prosas.

Karel Schoeman skryf in opdrag van die SAUK Die reisiger om saam te val met die Leipoldt-jaar. As verhaalgegewe gebruik Schoeman n insident uit die lewe van die jong Leipoldt wat as skeepsdokter n paar maande deurbreng aan boord van die jag van die blinde persmagnaat Pulitzer. Soos in ander werke van Schoeman is Leipoldt hierin nie net reisiger nie, maar ook buitestaander wat nie by sy omgewing inpas nie. Schoeman slaag daarin om Leipoldt se denkbeeldige ervarings oortuigend uit te beeld. Met hierdie fiktiewe greep uit die lewe van Leipoldt, bewys die skrywer weer eens sy veelsydigheid en virtuositeit.

Uit die pen van die digteres en Hertzogpryswenner, Sheila Cussons, verskyn daar in 1982 n versameling jeugprosas, Gestalten: 1947. In die stukkie gaan dit nie om die verhaal of die weergee van gebeure nie, maar is eerder momentopnames waardeur die skryfster in sterk liriese prosa die geestes- en verbeeldingswêreld van die begaafde kind, uitbeeld. In Tweedrome beskryf sy byvoorbeeld die angstdroom van n kind wat in n see van vlamme spartel - verstemmend as gedink word aan haar afgryslieke ongeluk. Hierdie vuurbeeld loop telkemale deur haar werk en dis asof sy destyds byna vérsiende was. Soos by haar gedigte ook die geval is, is hierdie beeldende prosas nie maklik om te interpreteer nie.

By geleentheid van Breyten Breytenbach se een-en-veertigste verjaardag gee Taurus n versameling van ses-en-twintig kort prosatekste uit onder die titel


Die miernes swel op ja die fox-terrier kry n weekend en ander byna vergete katastrofes en fragmente uit n ou manuskrip. Hierdie stukke is kenmerkend van sy werk: surrealisties, vol makabere, absurde humor, met n poëtiese inslag. In sy bespreking daarvan in die Burger, sê J.P. Smuts die volgende: "Diegene wat nie vertrou is met Breytenbach se werk, en by name sy kortprosatекste nie, moet besef dat dié stukke andersoortige eise aan die leser stel as die meer tradisionele kortverhaal ... Die fantastiese, die simboliese, die allegoriese, die groteske - dit is alles elemente wat in Breytenbach se prosa na vore tree."

Die digter George Weideman het ook aan die einde van verlede jaar gedebuteer met n kortverhaalbundel Tuin van klip en vuur. Al die verhale gaan oor die een of ander krisis en die verhale word allerweë beskou as n belangrike bydrae tot die kortprosa van Tagtig. André Brink beskou die bundel as opwindend en het groot lof vir die haarfyn en keurige stilistiese versorging van al die verhale.

By die geleentheid van die toekening van die Hertzogprys aan Sheila Cussons vir haar poësie, het die Akademie n erepenning toegeken aan Marthinus Versfeld - skrywer, filosoof en denker. Versfeld se Tyd en dae: essays uitgesoek en ingelei deur W.A. de Klerk is filosofiese, maar leesbare stukkie oor alles en almal - van Sokrates tot Leipoldt - en wissel in styl tussen baie ernstig en baie speels. Die Afrikaans van hierdie denker en filosoof, wat nog nooit n tikmasjien, n radio of n motor besit het nie, is informeel en fris. Kostelike stukkie wat proe-proe en bietjies-bietjies gelees moet word.

Uit die pen van Wilna Stockenström verskyn die komplekse en moeilik toeganklike roman Die Kremetart ekspedisie, geskryf in n byna poëtiese styl. n Slavin kyk terug vanuit haar laaste skuiling, n kremetartboom, érens in Afrika en mymer oor haar lewe tot dusver. Die hele verhaal is gehul in n was van geheimsinnigheid, n vaagheid en n swoel, donker, tropiese atmosfeer van die donker Afrika van eeue gelede. Die verhaal het n baie interessante struktuur en styl, maar moet liever nie deur die gewone, oningewyde leser aangedurf word nie.


In ligter luim verdien die bundel vertellings van P.H. Nortjé, Klein Hollywood, ook vermelding. Die titel verwys na Wellington, wat op n dag deur n televisiespan van die S.A.U.K. in n klein Hollywood omskep is toe hulle daar filmwerk kom doen het. Op sy kenmerkende, geselsrig-onderhoudende manier spot die skrywer fyn met homself en die mense rondom hom, sonder om ooit venynig te raak.



P.J. Haasbroek



Louis Kruger




Koos Prinsloo



Dan Roodt



Petra Müller




Klaas Steytler



Jeanette Ferreira




Peter Snyders




Dr. Phil du Plessis




George Weideman




André Letoit



Antjie Krog




Wessel Pretorius



Fanie Olivier



Elizabeth Kotzé



Ronnie Belcher



Charles Fryer



Annesu de Vos

Die leeuquul, uit die pen van Klaas Steytler, eggenoot van die skryfster Elsa Joubert, ook reeds bekend as romanskrywer Jan Harmse, is 'n meesleurende psigologiese riller, wat as 'n nuwe hoogtepunt in die Afrikaanse romankuns beskou kan word. Die boek kan op verskeie vlakke gelees en geïnterpreteer word. Op verhaalvlak gaan dit oor 'n oud-tronkvooël wat sy seun sonder sy vrou se wete vir 'n aandjie van plesier "steel".

Hy weet nie dat die kind aan epilepsie ly en in doodsvaar verkeer as hy nie sy pille op 'n gegewe tyd drink nie. Die leser word saam met die verhaalkarakters meedoënloos meegesleur en wanneer hy of sy uiteindelik emosioneel totaal uitgeput is, volg 'n hofsak en moet die hele verhaal weer in oënskyn geneem word. Dit is geskryf in sterk, beeldende taal en in die woorde van Kerneels Breytenbach van Die Burger "een van daardie werke wat jou verbeelding aangryp, jou só sterk aanspreek dat jy dit in een drif wil deurlees."

A.A.J. van Nickerk se twee bundels Die klipsweet sit aan my voetsool vas en Kerf 'n stokkie, bevat ligte, humoristiese vertellings oor plattelanders, Afrikaners, Jode, Swartes en ander boorlinge van Afrika. Aan die einde van elke vertelling wag 'n verrassing of kwinkslag.

Van een van die min skrywers wat waarlik 'n Sewentiger genoem kan word, P.J. Haasbroek, verskyn in 1982 'n vierde bundel kortverhale met die titel Verby die vlakke. Vorige bundels was Heupvuur, waarvoor hy in 1974 die Akademie se Eugene Marais-prys gewen het, Roofvis en Skrikbewind. Nou, na 'n stilswye van ses jaar wat André Brink "kort en klaar sy beste tot op datum" noem, verskyn elf verhale oor die voorstelling van 6f 'n geografiese 6f 'n geestelike vlakke wat oor- of verbygesteek word. In Wintermens gaan dit oor 'n jong Vrystaatse seun op 'n rugbytoer in die Kaap wat vir 'n meisie op wie hy verlief raak gaan kuier. Sy busreis na die adres wat sy hom gegee het neem hom "verby die vlakke", wat uit die lees van die stuk die Kaapse vlakke blyk te wees en die meisie 'n bruin meisie. Voorwaar 'n voortreflike bundel kortkuns!

Dit bring ons nou by die nuwe geslag skrywers wat teen hulle sin Tagtigers genoem word. Daar moet met hulle saamgestem word dat skrywers slegs 'n kollektiewe naam kan kry as hulle as 'n groep oor dieselfde temas skryf en dieselfde doelwitte nastreef en dit doen hierdie uiteenlopende skrywers van hierdie nuwe era beslis nie.

Van Petra Müller verskyn daar twee bundels kortverhale: Wurf in die Rûens en Voëls van die hemel. Al die verhale

in haar debuutbundel gaan oor mense: kinders, omense, behoeftiges en gebreklikes. Op 'n fyn genuanseerde en eenvoudige wyse ontvou die skryfster diep menslike situasies en slaag daarin om leesbaarheid, sowel as literêre meriete hand aan hand te laat loop. In haar tweede bundel kortverhale speel simboliek en fantasie 'n belangrike rol. In byna elke verhaal speel 'n vreemde gevlerkte wese 'n sleutelrol. In die een is dit 'n engel, in die ander 'n swerm sprinkane, in 'n derde is dit 'n kraai, in twee ander weer 'n helikopter en 'n singvoël. Beide die gevlerkte wesens en die karakters van wie hulle simbolies is, vind geen holte vir die voet of rusplek vir die gees nie. Die verhale is meer verwickeld as die in haar debuutbundel en toon 'n besliste groei en ontwikkeling in die skryfstyl van hierdie belowende skryfster. Elizabeth Kotzé ontvang na die verskyning van haar bundel kontreisketse Halkrone vir die nagmaal die Eugene Marais-prys. Die stukke gaan almal oor die mense van die Weskus - 'n klein wêreldjie op sy eie, met 'n eiesoortige taal, kultuur en leefwyse. Met groot deernis, maar ook met fyn insig, lê die skryfster die weselike aard van hierdie aardse mense bloot. Voorwaar 'n bundel tydlose verhale deur 'n verteller wat haar karakters laat lewe en die kuns verstaan om die leser end-uit te boei.

Nou's die Kaap weer Hollands is 'n debuutbundel kortverhale deur 'n belowend jong skrywer, André le Roux du Toit, wat 'n dubbele debuut maak in 1982. Hy publiseer in dieselfde jaar ook 'n digbundel Suburbia, wat op die kortlys vir die Ingrid Jonker-prys, geplaas is. Al dertien kortverhale in eersgenoemde bundel gaan oor ongewone menslike verhoudinge. In Dominee met verlof onervare dominee, wat tydens sy vakansie in Johannesburg sy sedige dominee-gedaante verruil vir 'n helder gebloemde hemp, jeans en tekkies met gate. Hy besluit om die wêreld van 'n rockmusiek-kafee te betree en raak betrokke by een van die jong kelnerinne.

In Klein roman word vertel van die pronker Hermanus van Wielligh, wat die wêreld van homself dink en oor wie meisies en ouer vroue almal mal is. Op 'n dag raak hy verlief op 'n vaal, plattelandse meisietjie met leersandale en 'n tuisgemaakte katoenrokke en kyk daarna nooit weer na een van sy wêreldwyse, verleidelike stadsvriendinne nie. Du Toit se skryfstyl het 'n verfrissend-satiriese aanslag, waarmee hy al wat heilige koei is, onder skoot kry. Met die verskyning van sy eerste digbundel Suburbia verander hy sy naam na André Letoit en 'n tweede bundel

kortverhale My nooi is in 'n tikmasjien, verskyn binnekort. Hy is ook besig om sy eerste roman, waarvan die titel voorlopig Somer II is, af te rond. Van die begaafde skrywer sal ongetwyfeld nog meer gehoor word.

M.C. Botha is nog 'n skrywer wat kind van Tagtig is, maar beswaar daarteen maak om 'n Tagtiger genoem te word. Binne die eerste drie jaar van hierdie dekade publiseer hy vier bundels kortverhale, waarvan die eerste bekendstaan as Die hartklop van gevoel en die vierde Die einde van 'n kluisenaar se lewe. Sy verhale gaan veral oor die oopplek van verhoudings tussen mense, oor mense self en oor die natuur. In die eerste bundel is sommige van die verhale uit die oogpunt van 'n vrou, asof sy die verteller is, geskryf, terwyl die res uit die manlike verteller se oogpunt geskryf is. In die vierde bundel is die "kluisenaar" 'n jong man wat verkies om stoksiel-alleen te bly, waterverfskilderye te maak en sy tyd in die natuur deur te bring. Dan trek die nuwe kafee-eienaar, sy vrou en hulle baba-dogter langs hom in en sy lewe verander drasties en dramaties. Soos dit 'n goeie kortverhaalskrywer betaan, eindig hy elke verhaal met 'n paslike klimaks en ontknopning.

Louis Krüger se debuutroman Die skerpskutter speel in Noord-Ierland af en die hooffiguur is 'n vegter vir die Ierse Republikeinse Leër. Malcolm Owens, 'n skerpskutter in Belfast, het 'n paar maande tevore sy ouers grusaam verloor in 'n bomontploffing, waarin sy suster erg vermink is. Soos wat hy al meer by die vryheidstryd betrokke raak, raak hy ook meer onseker van sy motiewe en beginsels en as hy met die agente van die Britse regering deurmekaar raak, word hy die prooi in plaas van die jagter.

Om mee af te sluit, wil ek melding maak van die werk van vier nuwe skrywers, wie se werk 'n gemengde ontvangs gehad het. Nadat André le Roux in 1971 met 'n digbundel Struisbaai-blues debuteer, wat kort daarna verban word en later weer vrygestel word, word niks van hom gehoor tot 1981 nie toe hy debuteer met 'n eksperimentele roman Te hel met Ouma!, waarin hy doelbewus afwyk van tradisionele verteltegnieke. Veel goed en ook minder goed is oor hierdie verwickelde werk gesê en die omslagontwerp en titel van die roman mag die niksvermoedende leser as sinies en oneerbiedig tref, maar eintlik gee dit veel meer te kenne.

In 1982 verskyn daar twee kortverhaal-bundels van Alexis Retief, naamlik Stad en Familie, wat nog 'n heftiger reaksie by kritici uitlok as Te hel met Ouma!

Die makabere, die obskure en heel dikwels die groteske speel in albei bundels 'n belangrike rol en alhoewel nie een van die twee bundels nog verbied is nie, sal dit by baie lesers kwaai aanstoot gee.

Nog 'n skrywer wat debuteer met 'n anti-roman is Dan Roodt, wie se debuutdigbundel Kommas uit 'n boomsol verban is. Van Sonneskyn en Chevrolet sê die skrywer self die volgende: "Dis geen roman nie, maar 'n oop teks. Dit het geen harmoniese struktuur nie, maar is 'n soort gedestrualiseerde teks wat deur die leser self voltooi moet word. Dis vol onsamehangendhede en gapings, sodat die lesere betrek word om sy eie betekenis daarin te vind." Meer hoef seker nie daarvoor gesê te word nie.

Oor Koos Prinsloo se debuutbundel kortverhale Jonkmanskas sê André Brink in sy Rapport-resensie dat baie min verdienstelike boeke wat oor die Grens handel tot dusver gepubliseer is. Juis om hierdie rede beskou hy Jonkmanskas as 'n boek waarvan kennis geneem moet word. Die verhale gaan oor die ervarings van die moderne jong man in die Suid-Afrika van vandag; sy reaksie op grensdiens, die probleme wat hy daarna ondervind om weer by die burgerlike lewe in te skakel; sy soektog na homself en sy innerlike worsteling om helderheid te kry oor sake soos sy seksualiteit, sy intellektuele behoeftes, en dies meer. As daar oor grenssake geskryf word, kan die taalgebruik nie altyd "mooi" wees nie. Die soort taal wat die troepie in "Fighting for peace" besig, sal vir baie lesers skokkend en onaanvaarbaar wees.

Dit bring ons dan by die digters van Tagtig. Tensy 'n mens 'n kenner van die digkuns, 'n gevorderde letterkundestudent of 'n hoge letterkundige is, moet jy jou liewer daarvan weerhou om self menings oor digters en hulle digwerke uit te spreek. Aangesien nie een van bogenoemde kwalifikasies op die skryfster van hierdie artikel van toepassing is nie, moet noodgedwonge aangehaal word wat voorste Afrikaanse skrywer en voorsitter van die Skrywersgilde, Jan Rabie, in 'n oorsig oor "Afrikaanse poësie vandag" daaroor te sê gehad het in die jongste uitgawe van die tydskrif Contrast.

Een van die eerste dinge wat opval as oor Afrikaanse digkuns gepraat word, is dat 'n groot aantal Afrikaanse digters oorsee woon. Die meeste van diesulkes as vrywillige bannelinge, of omdat hulle vrou Blank, of dalk nie-Blank is. Sheila Cussons is 'n voorbeeld van so 'n digter. Sy bring byna haar hele

volwasse lewe in Europa deur, trou met 'n Spanjaard en word 'n Katoliek. Gevolglik het haar verse 'n sterk Spaanse inslag en is diep mistiek en religieus van aard.

Ook Elizabeth Eybers woon al 'n geslag lank in Amsterdam en ook haar werk dra die tekens van die Nederlandse beïnvloeding. Peter Blum het weer spoorloos in Londen verdwyn en het Afrikaans dalk geheel en al afgesterf. Breyten Breytenbach woon vyftien jaar in Parys, bring die volgende sewe in 'n Suid-Afrikaanse tronk deur en vertrek daarna onmiddellik weer na Parys, waar hy met mening voortskryf en voortdig in sy moedertaal. Henk Rall het ook eers onlangs van die VSA af teruggekeer en Barend Toerien bevind hom ook al 'n geslag lank in New York.

P.J. Philander en Julian de Wette is twee bruin digters wat nog steeds getrou bly aan hulle moedertaal en bly voortthunker na hulle Vaderland. Ook Olga Kirsch wat reeds lank in Israel woon en Casper Schmidt dig nog steeds in Afrikaans.

Wat eietydse digters in Suid-Afrika aanbetref, word hulle werk gekenmerk deur die afwesigheid van 'n politieke bewussyn en samehangend daarmee 'n gesamentlike optrede of manifes. Hulle digterlike taal word ook dikwels gekenmerk deur skril tone van ongeloof en dissidensie, die opsetlike gebruik van ondigerlike taal en 'n weglug uit die Suid-Afrika van vandag met sy dringende sosio-politiese probleme. Jan Rabie haal hier vir T.T. Cloete en Henk Rall as voorbeelde aan van digters wat weglug van die realiteit. Gelukkig is daar darem nog jong skrywers wat met romantiese erns die wêreld om hulle bejeën en die liefde op digterlike wyse besing. Jeannette Ferreira, Phil du Plessis, Marliese Joubert, Wessel Pretorius, Pieter Claassens, Johann de Lange (wat die Ingrid Jonker-prys vir sy debuutbundel Akwarelle van die dors, ontvang het), Annesu de Vos, Theunis Engelbrecht en Fanie Olivier, kan in die verband genoem word.

'n Ander groep digters word weer gekenmerk deur die tone van ontreding, teleurstelling en verbittering wat uit hulle werk na vore kom. Hulle besin weer eindeloos oor die lelike dinge in die lewe en name wat hier opkom is reedsgenoemde Dan Roodt, André Leroux en André Letoit, Johan van Wyk en in 'n mindere mate die pront-eerlike Antjie Krog.

Digters wat weer om sinies te word oor die sosiale en politieke ongeregtighede waaraan hulle onderwerp word, is Peter Snyders en Ronnie Belcher met hulle "ordinary-mens" gediggies en Paternoster Hallelujas, onderskeidelik.

Om mee af te sluit wil ek Jan Rabie gelukwens met sy knap oorsig en die laaste twee paragrawe van sy artikel waardeliks aanhaal.

"Eventwel, met die Afrikaanse poësie gaan dit darem redelik goed, dankie. 'n Mens kry wel die indruk daar is so baie nuwe digters omdat party bang is vir die oper deursigtigheid d.w.s. verantwoordelikheid van prosa ('n diktatuur kan nie poësie lees nie).

Poësie in Suid-Afrika is gans te dikwels neurotiese ontvlugting van die ongesondes; net soos dit meesal die siekes is wat die wêreld wil genees. Die opstand wat daar is, is gerig teen die ouer geslag wat ons wêreld dan so opgevoeter het; die protes is nog te min verinnerlik, verantwoordelik op die self gerig.

Om op te som: 'n hele geslag nuwe, talentvolle of opstandige digters, die meerderheid waarvan die blank-Afrikaanse kerk-ondersteunde staatsbestel verwerp, sonder om 'n waarlike veelrassige of regverdige Afrikaanse gemeenskap in die plek daarvan te kan stel. Dié dinge waaroor ons toekoms gaan. Nog geen nuwe definitiewe stylrigting of skool nie, afgesien net van meer gebrokenheid en eerliker rondval, verkondig in minder kuns. 'n Mens sou verwag minder Europa moet aangevul word deur meer Afrika. Maar daarvoor wag ons nog. Die geboortepyne het nog maar net begin."

Na die skryf van hierdie oorsig is nog 'n hele aantal belangrike werke gepubliseer. Om die afgelope drie jaar se literêre oes in perspektief te plaas, is dit dus belangrik dat daar ter afsluiting kortliks van dié nuwe titels melding gemaak word.

Alhoewel slegs enkele digbundels in die oorsig by name genoem is, verdien Olga Kirsch se jongste digbundel Ruie tuin, spesiale vermelding. Soos wat die geval is met al haar poësie tot dusver, is die 34 gedigte in hierdie opwindende nuwe bundel ook almal ontroerende, gevoelvolle stemmingsverse wat selfs vir die oningewyde poësieleser "maklik verstaanbaar" en uiters leesbaar behoort te wees.

Van Adriaan Snyman verskyn die onthutende roman Heuwel van getuienis - 'n komplekse werk wat gaan oor satansaanbidding. Die boek sal baie lesers waarskynlik erg ontstel.

In ligter luim is Pirow Bekker se vindingryke roman Witsalpete, waarin hy lustig met die hedendaagse samelewings draak steek. Rondom die storie

van Rassie Erasmus, 'n tronkbewaarder met 'n obsessie om die laaste egte Boerperd op te spoor en sy bloedlyn vir die nageslag te bewaar, spot hy fyn met die Afrikaner se beheptheid om iets wat "suiwer" was, ten alle koste te bewaar en hy kry die grootdoenerigheid van die amptenary, die sensasielustigheid van die pers en talle ander klein menslike behepthe, almal goed onder skoot.

Op die flapteks van Elsa Joubert se jongste boek staan die volgende: "Die laaste Sondag is Elsa Joubert se eerste roman na haar opspraakwekkende Die swerfjare van Poppie Nongena, wat aan haar internasionale roem besorg het. Dit is 'n spannende, gedurfde aktualiteitsroman wat 'n projeksie gee van die kerk in Suid-Afrika - 'n ommuurde kerk waarin dit in die laaste instansie nie meer gaan om die versoeningsdoed van Christus nie, maar om Ootestamentiese waardes: 'n oog vir 'n oog." Elke leser sal vir homself moet besluit hoe hy oor die skryfster se hantering van hierdie baie aktuele saak, voel.

As tema vir haar verhale het Henriette Grové nog altyd die bestaansprobleme van die mens ontgin. In haar nuwe kortverhaalbundel Die kêrel van die Pêrel is die mens as gebonde sterfling weer die hoofkarakter. Sy vertel van Fransiena se teistering deur die sinloosheid van verganklikheid en die troos wat sy vind in die sin van die liefde; van Gerharda Buitenweg, wat soos 'n owerspelige vrou haar liefde verslinger op 'n kwaal van haar brose vlees; van die "kêrel van die Pêrel" met sy leuentaal, wat ironies genoeg bewys is van lewe en van menslikheid.

Minder as 'n jaar na haar aangrypende jeugverhaal Die wag vir die somer, wat as naaswenner aangewys is in Sarie en Human en Rousseau se jeugverhaalwedstryd vir 1982, verskyn 'n nuwe roman uit die pen van Marzanne Leroux. Aandmis oor Paternoster gaan oor die onoplosbare probleem van liefde oor die kleurgrens. Sasja, wit veertigjarige joernaliste en Geoffrey, bruin teoloog, ook in sy middeljare, kry mekaar onherroeplik, verblindend en teen alle wette in lief op die Weskust-dorp Paternoster. Op deernisvolle wyse beeld die skryfster twee eensame mense in hulle soeke na waarheid uit - sonder sensasie of politieke betoog.

In sy resensie in Rapport van 23.10.83, sê André Brink dat John Miles nie 'n skrywer is wat hom laat aanjaag nie. Sy jongste roman Blaaskans: die bewegings van Flip Nel is sy vyfde prosawerk binne die bestek van veertien jaar. Brink noem hierdie roman 'n "briljante en subtiele" meesterstuk. Die hoofkarakter is 'n bekende rugby-held, wat

onderwyser is op Pietersburg en deur die toeloop van omstandighede betrokke raak by 'n reeks bizarre gebeure. As sy motor 'n ent van 'n denkbeeldige swart tuisland, Vogelstruisstad af, breek en hy by 'n plaas om hulp gaan aanklop, verander die daaropvolgende week sy hele lewe. Byna saam met die verskynning van Blaaskans, word die verbod op sy vorige roman Donderdag of Woensdag, voorwaardelik opgehef. Boekwinkels en biblioteke mag voortaan die omstrede betrokke roman, wat gaan oor 'n staatsgreep in 'n Suid-Afrika van die toekoms, verkoop of uitleen, maar die boek mag nie op die rak uitgestal word nie. Dit mag slegs op "versoek" van die voornemende koper of leser "onder die toonbank uitgehaal word". In 'n hoogs amusante bespreking in sy rubriek "Rondom die letterkunde" in die Burger van 8.9.83, sê L.I. Bertyn die volgende: "Hierdeur word 'n ongekende nuwe 'kick' aan die koop van boeke gegee." Hoe dit ook al mag sy, albei die romans lewer 'n belangrike bydrae tot die Afrikaanse literêre oevre.

By die ter perse gaan van hierdie uitgawe van die Kaapse Bibliotekaris, was Roy Niemann se jongste boek Improvisasies van 'n somer nog nie van die pers af nie. In 'n gesprek mat die skrywer het hy egter laat blyk dat die verhaal in 'n groot stad afspeel, wat in die greep van 'n baie eienaardige somer, geknel is. Op 'n dag verskyn 'n straatprediker en voorspel dat al die tekens van die warm, eienaardige somer, die einde van die wêreld voorspel. 'n Groep mense in 'n rehabilitasie-inrigting raak by die straatprediker betrokke en te midde van stedelike terreur en die ondraaglike hitte, berei hulle hul voor vir die einde van die wêreld. As daar een oggend 'n snaakse deinsigerigheid oor 'n eiland, 'n klein entjie van die strand af hang, roep die prediker sy volgelinge bymekaar en kondig die oordeelsdagan aan. Die verhaal het 'n betekenisvolle einde wat die leser sal laat besef dat die mens hom nie onnodig moet bemoei met die werklike einde van die wêreld nie - vir elke mens is sy laaste dag die einde van sy eie klein wêreld.

As daar drie jaar na die begin van hierdie dekade reeds soveel verdienstelike werke die lig gesien het, wil ek voorspel dat die grootste lekkerlees dalk nog iewers om die draai lê, maar dat daar alreeds genoeg aktuele boeke op die rakke sit om nou al 'n groot lekkerstry aan die gang te sit. ■

# NUWE BIBLIOTHEKE



## OPENBARE BIBLIOTHEEK PAROW

Op 5 September 1983 het die nuwe openbare biblioteek in Parow vir die eerste keer sy deure vir die publiek geopen. Na die luisterryke inwyding in September verlede jaar en 'n feesprogram wat 'n opvoering deur die Parowse Toneelvereniging en 'n poppeteater vir die kinders ingesluit het, was die personeel baie gretig om die leners ook in die pragtige gebou te laat deel. Daardie eerste dag het dan ook alle verwagtinge oortref - in so 'n mate dat ons nog nooit weer behoorlik herstel het nie, want 'n totaal van 3 164 boeke is uitgereik en die nuwe aansluitings het letterlik ingestroom. Hierdie rekordgetal was wel eenmalig, maar die biblioteek word nog daaglik druk besoek en daar is nooit 'n ledige oomblik nie.

Almal wat ons besoek, is baie ingenome met die pragtige gebou - die ruimte, rustigheid en

gesellige atmosfeer en luukse voorkoms lok baie komplimente uit. Die tweede reaksie is gewoonlik: Hoe kon julle soveel jare in die ou biblioteek werk? Die enigste antwoord wat ons daarop kan gee is dat ons dit nie anders geken het nie, maar om jou nou daarin terug te dink is totaal onmoontlik.

Die geskiedenis van die Parowse Openbare Biblioteek gaan ook ver terug ... reeds in 1938 het 'n subskripsiebiblioteek tot stand gekom - in die sitkamer van 'n private woonhuis. Die destydse Dorpsbestuur het 'n maandelikse toelaag van R10 aan die biblioteek gegee. In later jare word daar ook 'n toelaag van die Provinsiale Administrasie ontvang, gevolglik kon die biblioteek in 1948 na 'n groter gebou verskuif - te wete 2 kamers wat deur mev. C.A. Faull in Oldhamweg beskikbaar gestel is.

Met die afkondiging van

Ordonnansie no. 4 van 1955, waarin die vrye openbare biblioteekdiens tot stand gekom het, het die Stadsraad van Parow op 13 Oktober 1955 aansoek gedoen om as lid van die Provinsiale Biblioteekdiens te registreer. Op 24 November 1956 word die eerste volwaardige biblioteek in Parow amptelik deur die destydse Burgemeester, wyle mnr. Alk van Zyl geopen. 'n Saal van die Burgersentrum, wat aanvanklik nie as biblioteek beplan was nie, is vir hierdie doel ingerig. Die voorwaarde van aansluiting by die Provinsiale Biblioteekdiens was wel dat 'n geskikte gebou binne 'n redelike tyd opgerig moes word. In hierdie stadium het die biblioteek gespog met 5 000 boeke en 180 lede. Vooruitgang het egter spoedig gevolg en binne 'n jaar, met 'n ledetal van 3 600 volwassenes en 2 050 kinders, was die gebou te klein. Die Kinderafdeling is in 1957 verskuif na 'n huis agter

die Burgersentrum.

Hierdie situasie het onveranderd bly voortbestaan tot in 1983. Tekortkominge en probleme was daar volop: die gebou was van meet af aan te klein en baie beknopt; die versteekte ingang en trappe het die biblioteek baie ontoeganklik gemaak en die gebrek aan boeke en 'n vriendelike atmosfeer het menige voornemende lid, as hy wel bo uitgekom het, die aftog laat blaas. Die biblioteek het nie oor 'n behoorlike naslaan- of studieruimte beskik nie - en dit wat daar was moes die publiek en personeel deel, want daar was geen ander plek om administratiewe take te verrig nie. Die gebrek aan 'n groepaktiwiteitsaal het ook baie planne en programme laat skipbreuk ly - met die gevolg dat uitbreidingsaktiwiteite tot die minimum beperk was.

Die beplanning van die biblioteek het reeds 21 jaar gelede begin en die terrein waar dit nou tot stand gekom het, is die vyfde een wat vir hierdie doel gekies is en minstens net soveel planne het in dié tydperk die lig gesien. Die argitek, mnr. A.P.S. Conradie, was van die begin af by hierdie projek betrokke. As 'n persoon wat altyd individualisme en goeie styl bo massaproduksie stel, het mnr. Conradie gesorg dat die eindresultaat 'n funksionele en praktiese gebou is, maar een wat 'n warm en toeganklike atmosfeer uitstraal - dus enige biblioteekaresse se droom. Die atmosfeer word geskep deur 'n deurlopende motief wat waarneembaar is in die struktuur en ameublement en alles 'n pragtige geheel laat vorm.

In teenstelling met die ou biblioteek, huisves hierdie ruim en sonnige gebou met sy groot noordevensters, beide die

volwasse- en kinderafdelings, wat vanaf een toonbank bedien word. Aan albei kante is daar genoeg fasiliteite om gesellig te sit en lees of rustig en privaat te studeer. Die biblioteek spog verder met 'n groepaktiwiteitsaal wat sitplek aan 120 mense bied, sowel as 'n goed toegeruste kombuis om die saal te bedien. Daar is ook 'n komiteekamer, personeelkamer, boekestoor en 'n motorhuis wat in die toekoms dalk 'n mobiele biblioteek kan huisves, asook voldoende kantoorkamers. Die biblioteekpersoneel kan nou kies tussen twee werkkamers om hulle pligte uit te voer en 'n aantreklike personeelruskamer maak die werksomstandighede soveel aangenaam. Twee binnetuine, dakligte wat natuurlike lig deurlaat, 'n tuin wat reeds baie mooi vertoon en beligting wat die gebou saans amper sprokiesagtig laat voorkom, maak dit voorwaar 'n biblioteek om op trots te wees.

Parow se nuwe biblioteek is baie sentraal geleë - in die hart van die sakesentrum - en dus vir almal toeganklik. Daar is ook deurgaans voorsiening gemaak vir gestremdes - daar is geen enkele trappie in die gebou nie!

Die biblioteek neem daaglik toe in gewildheid en almal moes gedurende die openingsmaand volstroom werk om die nagenoeg 1 000 nuwe aansluitings en 'n boeksirkulasie van 31 764 (teenoor 'n gemiddelde van 19 000 in die ou biblioteek) te hanteer.

Met 'n skenking wat tydens die amptelike opening ontvang is, is die kern van 'n spesiale versameling oor Ekonomie, Sakebestuur, Handel, Personeeladministrasie en verwante


onderwerpe aangekoop. Daar sal gepoog word om hierdie versameling in die toekoms verder uit te brei en op datum te hou.

Te oordeel aan die aanvanklike reaksie van die publiek van Parow, sal die biblioteek ongetwyfeld die middelpunt van die gemeenskap word - nie net kultureel nie, maar ook sosiaal waar mense gesellig byeenkom om lektuur uit te kies, naslaanwerk te doen, te studeer of sommer net gemaklik en rustig te kom ontspan met 'n koerant of tydskrif.

Planne vir die toekoms is daar baie - etensuurfilm-vertonings; 'n gerielde program vir die Senior Burgers (die eerste een wat as 'n bekendstellingsprogram gedien het en films en 'n boekvoorslesing ingesluit het, was 'n reuse sukses); films en storiëure en vakansieaktiwiteite vir die biblioteekkinders is ook reeds met welslae van stapel gestuur. Dit is fantasties om te weet dat die fasiliteite beskikbaar is en dat 'n mens jou verbeelding die vrye teuels kan gee.

Intussen gaan ons voort om die onophoudelike stroom mense te help en probeer ons om die nuwe gebou ons eie te maak, sodat die personeel ook hulle stempel kan afdruk op die atmosfeer in die biblioteek: 'n gees van welwillendheid, behulpsaamheid en vriendelikheid.

CARLA MOLIER  
BIBLIOTEKARESSE  
OPENBARE BIBLIOTHEEK PAROW



The central courtyard, through which sun and light pour into the library

BARBARA STEELE, CHIEF LIBRARIAN OF THE WESTERN CAPE, COMMENTS FURTHER ON FEATURES OF SPECIAL INTEREST IN THE PLANNING AND FURNISHING OF THIS LIBRARY -

Parow Municipality now has the largest library building of all centres affiliated to the Cape Provincial Library Service, the floor area being 2100 square metres.

One enters this library with a feeling of wonder and pleasure. It is so harmoniously and restfully furnished that, although very spacious, does not overwhelm by its size. The golden green carpets and comfortable easy chairs in greens and fawns combine very pleasingly with the light-coloured Sen wooden shelving. Clever use has been made of the heavily grained wood to form patterns at focal points.

